NG GEMEENTE LYTTELTON-OOS

Dissipels wat vrugte dra tot eer van die Vader

SONDAG, 9 OKTOBER 2005

Hartlik welkom in die erediens vanoggend

GEMEENTEPROGRAM

SONDAG, 9 OKTOBER

09:00 Erediens: Ds Freddie Schoeman
(Tema: Energie vir die Lewe 1/3)
09:00 Kindereredienste
10:30 Erediens: Ds Freddie Schoeman
(Tema: Hoop en herstel vir stukkende mense 1/8)
16:00 Mentorvergadering
17:30 Jeugdiens: Ds Freddie Schoeman
(Tema: Hoe hanteer ek stres?-soos in eksamen!)

MAANDAG, 10 OKTOBER

Matriekeksamen begin

DINSDAG, 11 OKTOBER

09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

WOENSDAG, 12 OKTOBER

17:30 Biduur
19:00 Bedieningskommissie vergadering

VRYDAG, 14 OKTOBER

18:00: Jeug: “Beach Party”+”LAN”-aand — kom koppel jou rekenaar speel saam!

SONDAG, 16 OKTOBER

09:00 Erediens: Ds Freddie Schoeman
(Tema: Energie vir die Lewe! 2/3)
09:00 Kindereredienste
10:30 Erediens: Ds Freddie Schoeman
(Tema: Hoop en herstel vir stukkende mense 2/8)
17:30 Jeugdiens
O.Tvl Sinode-sitting begin

DINSDAG, 18 OKTOBER

09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

WOENSDAG 19 OKTOBER

17:30 Biduur
18:00 Diakonie vergadering
Inbetaling Diakonie

SONDAG, 23 OKTOBER

09:00 Erediens: Ds Freddie Schoeman
(Energie vir die Lewe! 3/3)
09:00 Kindereredienste
10:30 Erediens: Ds Freddie Schoeman
(Tema: Hoop en herstel vir stukkende mense 3/8)
17:30 Jeugdiens

NUWE INTREKKERS

Is jy 'n nuwe intrekker? Ons wil jou baie graag ontmoet! Kom ons kry mekaar voor die kansel net na die diens vanoggend verby is.

VOORBIDDING

1. Rina Koch (Delareyweg 51, 664-4665) wat tans in die hospitaal is en binnekort weer geopereer gaan word (Wyk 13c).
2. Philip, Rianne en Rianda Venter (Hans Strijdomln 58, 664 1192) met Rianda wat siek is (Wyk 10e).
3. Piet en Elna Badenhorst (Smutsln 128, 664-3831) met Piet wat siek is (Wyk 7d).
4. Pieter en Lettie Hambridge (DF Malanln 127, 664-2492) met Pieter wat tuis aansterk na ’n heupprostese operasie (Wyk 9d).
5. Philip de Wet en sy ouers met Philip wat nog siek is (hy is die agterkleinkind van tannie Joey James) .
6. Voorbidding vir al ons ***matrikulante*** word gevra met die eindeksamen wat reeds begin het.

ONTHOU ...

WOENSDAG, 12 OKTOBER
Bedieningskommissie vergadering
WOENSDAG, 19 OKTOBER
Inbetaling Diakonie
Diakonievergadering
WOENSDAG, 26 OKTOBER
KAF vergadering
SONDAG, 6 NOVEMBER
!!OESFEES!!
Almal hartlik uitgenooi vir gratis middagete

VERJAARSDAE/VERVOLG ...

10/22	MARIETTE TERBLANCHE	ZEELAND WS 7.	084 512 9050	03(c)
10/23	JOHANN VILJOEN	REESTLAND WS 3.	082 702 7175	02(c)
10/23	ELAINE HORAK	MYRDALWEG 3	083 406 6481	14(a)
10/23	DESIRÉ BURGER	2DE STRAAT 3	083 448 2201	14(b)
10/23	DONNA FERREIRA	HANS STRIJDOMLN 193	664 3943	06(c)
10/24	JAN MOSTERT	DF MALANLN 104	644 2990	09(a)
10/25	JAN WHEELER	SMUTSLN 138	664 2807	07(b)
10/25	WILLEM WICKENS	KRUGERLN 51	664 2668	13(a)
10/25	FLORIS BELLINGAN	HANS STRIJDOMLN 101	664 2598	07(d)
10/25	THEA NESER	HANS STRIJDOMLN 46	664 4717	11(a)
10/26	RINA MOSTERT	DF MALANLN 104	644 2990	09(a)
10/26	PIETER HAMBRIDGE	DF MALANLN 127	664 2492	09(d)
10/26	MARGIE BURGER	2DE STRAAT 3	083 448 2201	14(b)
10/27	CÁ MOMBERG	DF MALANLN 99	664 8027	09(a)
10/28	ATTIE NEL	HANS STRIJDOMLN 92	082 575 6327	10(e)
10/28	HEIDI VAN TONDER	MALUTILN 2	072 157 1196	14(a)
10/29	MANIE BLOM	HANS STRIJDOMLN 162	664 8233	06(a)
10/30	RONNIE STEYN	KRUGERLN 85(B)	664 3253	13(a)
10/30	LEORIKA FOURIE	KOL JOHN BLAKESTR 3	082 444 7374	14(a)
10/30	WILMA JONKER	6DE STRAAT 8	664 1554	14(b)
10/31	FRANCOIS CRAFFORD	HANS STRIJDOMLN 182	664 1568	06(a)
10/31	DAWIE BAUER	DF MALANLN 257	664 2230	01(a)
10/31	TRACEY NAUDÉ	VAN RIEBEECKLN 120.	664 2175	10(a)
11/01	ELIZE CASSELL	LANGEBRINKWEG 53	664 6909	10(b)
11/01	HERMAN KOCK	LENCHEN PLACE 109	082 555 1371	14(a)
11/01	JOEY VAN ZANTEN	DE LA REYWEG 51A	664 4665	13(c)
11/02	YOLANDI ACKERMAN	HANS STRIJDOMLN 40	664 2746	11(a)
11/02	CATHY ANDERSON	DF MALANLN 243	664 7937	01(a)
11/03	LEONETTE SMIT	HANS STRIJDOMLN 194	664 4335	06(c)

SPESIALE GELUKWENSE

Hartlik geluk aan tannie Nell Marx, Van Riebeeckln 215, 664-3609, wat Maandag 10 Oktober 85 jaar oud is. Ons bid u toe Gods rykste seën met die nuwe lewensjaar. Mag u sy nabyheid elke dag ervaar.

Sal u asseblief die lys van verjaarsdae en huwelikherdenkings bewaar aangesien Die Herout net eenmaal per maand verskyn.

CMR : WERKSWINKEL VIR NAALDWERKGROEPE

Die Tswelopele (ons gaan vorentoe) projek van die CMR funksioneer al vir baie jare. Hierdie is ‘n handwerkprojek in Centurion en omgewing en alle vroue in die gemeente/gemeenskap word uitgenooi om saam met CMR Lyttelton en Ivory Park te kom deel in die projek.

Elke jaar word ‘n praktiese werkswinkel met demonstrasies oor verskeie handvaardighede aangebied, Hierdie jaar is daar onder andere ‘n demonstrasie oor hoe om juwele, knope, ensovorts van ou brood, lym en glyserien te maak. Groepe se artikels word uitgestal en pryse word toegeken.

Hierdie byeenkoms vind plaas op 15 Oktober om 08:30 by die NG Gemeente Lyttelton, h/v Burger en Langebrinkweg, Lyttelton.

HULP WAT BENODIG WORD:

Donasies word gevra. CMR wil baie graag aan elke inskrywing ‘n prys gee. U kan ook skenkings maak van ‘n skêr, material, ‘n maatband, kopspelde, wol, toiletbenodighede, koffiebekers, glase, ensovoorts.

Indien iemand “Tswelopele” wil bywoon of ‘n skenking wil maak, skakel met Anel Roux of Annamarie Steyn (664-5837 of 664-0901).

VAKATURE : TUINIER/TERREINOPSIGTER

Ons huidige tuinier/terreinopsigter, Johannes, tree aan die einde van Desember 2005, na 'n dienstermyn van bykans 40 jaar, uit met pensioen.

Dit bring mee dat ons iemand in sy plek sal moet aanstel. Ons vra nou reeds dat u met voorstelle na vore kom om ons te help in die vul van die pos. Dit is 'n vereiste dat die persoon van die huisvesting van die kerk wat op die terrein geleë is, gebruik maak.

Die teikendatum is 1 November 2005.

Skakel asseblief met Johan Bauer (664-2230).

MOTORWAG

Persone wat belangstel om behulpsaam te wees met die Motorwag-aksie om ons motors op te pas tydens eredienste, hetsy vrywillig of teen vergoeding, skakel asseblief vir Johan Bauer, 664-2230.

HUWELIKHERDENKINGS 9 OKTOBER TOT 3 NOVEMBER 2005

11 OKTOBER	DEON EN VANESSA NEL	KRUGERLN 157	664 5906 08(b)
23 OKTOBER	JOZ EN TOEKS JOUBERT	VAN RIEBEECKLN 41	664 2152 12(b)
29 OKTOBER	VIC EN HENNIE HAUPT	LANGEBRINKWEG 49	664 3254 10(b)
31 OKTOBER	WILLIE EN TANIA NEÜ	KRUGERLN 250A	664 2645 02(a)
3 NOVEMBER	HENRI EN BETSIE JONKER	6DE STRAAT 8	664 1554 14(b)

VERJAARSDAE 9 OKTOBER TOT 3 NOVEMBER 2005

10/09	JOHN MARAIS	HANS STRIJDOMLN 34A	664 3994	11(a)
10/09	HENCO NEL	HANS STRIJDOMLN 182	664 1568	06(a)
10/10	ALYSSA STEYN	KRUGERLN 85(B)	664 3253	13(a)
10/10	DOLLY PIENAAR	TULIP PARK 29	653 6449	14(a)
10/10*	NELL MARX	VAN RIEBEECKLN 215	664 3608	05(b)
10/11	TONY BIRD	HANS STRIJDOMLN 115	664 3568	07(d)
10/11	VINCENT NEL	FITZPATRICKWEG 3	664 0584	06(d)
10/11	JANET HUMAN	HANS STRIJDOMLN 93A	664 3880	10(e)
10/11	JOHAN VAN ROOYEN	HANS STRIJDOMLN 200	664 7023	06(d)
10/12	HUGO PIENAAR	VAN RIEBEECKLN 277	664 4685	04(b)
10/12	LILY VAN DER MERWE	DF MALANLN 12	664 2583	13(b)
10/13	PHILIP VENTER	HANS STRIJDOMLN 58	664 1192	10(e)
10/13	SHANE DALHOUZIE	4DE STRAAT 3	082 909 3580	14(b)
10/14	MARI-ZANNE VAN STADEN	MOLTENOWEG 8	664 4772	06(d)
10/14	ERNIE MÜLLER	DF MALANLN 113	664 3774	09(d)
10/14	MARETHA VAN AS	DE LA REYWEG 26	664 2149	11(b)
10/14	ANITA THERON	DE LA REYWEG 35	664 3283	12(c)
10/15	ANITA FOURIE	KRUGERLN 90	664 3390	13(a)
10/15	JORETHA NAUDÉ	RIEBEECK WS 8	664 2035	02(b)
10/15	MARELI NEL	STASIEWEG 1	664 4941	11(a)
10/15	IAN DU PREEZ	5DE STRAAT 8	664 6588	14(b)
10/16	ALIDA VENTER	DE OUDE ARTÉ 2	664 4848	07(c)
10/16	LINETTE LE ROUX	VAN RIEBEECKLN 114	664 3229	10(a)
10/16	MARINDA LANDMAN	HOFMEYERWEG 10	664 4601	04(a)
10/16	JACQUELINE POHL	HANS STRIJDOMLN 292	664 5278	04(a)
10/17	SARLIEN KRITZINGER	VAN RIEBEECKLN 172	664 3598	08(a)
10/18	LANÉ-LOUIS PRINSLOO	TRICHARDTWEG 2	664 8307	04(b)
10/18	MARISKA BLOM	HANS STRIJDOMLN 162	664 8233	06(a)
10/19	ELMIE STEYN	RIEBEECK WS 6	664 6755	02(b)
10/19	JACO VAN VUUREN	VAN RIEBEECKLN 158	664 2623	08(b)
10/20	LIESL CRAEMER	VAN RIEBEECKLN 183.	083 453 7534	05(a)
10/20	CATHIE BRIERS	KRUGERLN 141(A)	664 3899	09(c)
10/20	KARIN WARD	ZEELAND WS 8	664 2115	03(c)
10/20	HENTIE BOTHA	STRELITZIA WS 8	083 262 3757	01(c)
10/20	HEINRICH OELOFSE	VAN RIEBEECKLN 17	664 8931	12(c)
10/21	ANDRIES UYS	SMUTSLN 120	664 4598	07(d)
10/22	LEON ENGELBRECHT	HANS STRIJDOMLN 21.	664 3278	11(b)
10/22	LYNNE OOSTHUIZEN	CANTONMENTSWEG 22	664 2140	08(c)

DIE KEER TOE GOD 'N SKRYNWERKER GEWORD HET

Ds Odie Odendaal

(23) LIEFDE VIR SONDAARS DIE ARMES

Lees: Lk 16:19-31

As God jou seën, moet dit goed met jou gaan. Dan moet jy ryk wees of ten minste welaf. Die sondaars is arm. So het baie gesê en gedink. Maar Jesus wat die mense geken het, het geweet dat alle mense, ryk en arm, sondaars is.

Om die rykes te laat verstaan dat hulle nie so goed is soos hulle dink nie en dat hulle met alles wat hulle doen tog nie vir hulle 'n plek in die hemel gekoop het nie onthul Hy hulle geestelike armoede. So vertel Hy dat die arm vrou wat twee klein muntstukkies in die offergawekis gegooi het, meer ingegooi het as die rykes wat baie ingegooi het. Sy het alles ingegooi wat sy gehad het. Hulle het slegs iets uit hulle oorvloed ingegooi.

Aan die ryk jongman wat aan Hom sê dat hy alles in die wet nagekom het en wil weet: *"In watter opsig skiet ek nog tekort?"*, sê Jesus dat hy alles wat hy besit moes verkoop en die geld aan die armes gee dan sal hy 'n skat in die hemel hê. *"Kom dan terug en volg My."* Toe die jongman dit hoor het hy bedruk weggegaan, want hy het baie besittings gehad.

Jesus het ook die gelykenis van die rykman en Lazarus vertel. Lazarus het by die rykman se hek gelê en wag vir 'n stukkie oorskiet kos terwyl die honde sy sere gelek het. Toe Lazarus dood is, is hy hemel toe. Toe die rykman dood is, is hy hel toe met alles wat dit impliseer. Die punt wat Jesus maak, is dat die rykes gelyk aan die armes is deurdat hulle ook moet sterwe, niks van hulle rykdom kan saamneem nie, dat hulle verlore sondaars is as hulle nie glo nie, en dat rykdom dikwels in hulle pad staan om tot geloof en liefde te kom.

Maar Jesus wat alle sondaars lief het, het ook die nederiges onder die rykes lief. Daarom roep Hy een van hulle om sy dissipel te word. En dié een het. Dit was die tollenaar Matteus. Hy bring ook redding vir 'n ander een, Saggeus.

VRAAG:

* Is dit sonde om ryk te wees?
* Het armoede voordele?

GEBED:

Ons Vader, baie is vandag ryk en oor 'n jaar arm. Help my om in voorspoed en teenspoed u gelowige kind te wees. AMEN.

ATTESTAAT ONTVANG

Vanaf Pretoria-Oos: Beerendina Harmanna van der Deen (nou Olivier). Sy woon In Hans Strijdomln 93(a). Baie welkom by Lyttelton-Oos gemeente. Ons hoop u sal baie gelukkig wees hier by ons — vir die tweede keer!!

EREDIENSTYE

Die kerkraad is tans besig om die eredienstye te heroorweeg aangesien dit wil voorkom of 'n groot aantal lidmate die huidige tye ongerieflik vind. Ons wil egter terugvoer en insette soveel as moontlik lidmate hê voordat ons 'n besluit in hierdie verband neem. Daar is aantal opsies:

1. Behou die huidige tye
2. 08:00 Tradisionele erediens + kindereredienste; 09:30 Informele erediens
3. 08:00 Tradisionele erediens; 09:30 Informele erediens + kindereredienste
4. 08:00 Informele erediens + kindereredienste; 09:30 Tradisionele erediens
5. 08:00 Informele erediens; 09:30 Tradisionele erediens + kindererediens

Aangesien hierdie 'n baie belangrike en sensitiewe saak is, wil ons graag vra dat elke gemeentelid biddend hieroor sal nadink. Dit is noodsaaklik dat ons mekaar sover moontlik sal akkomodeer. Ons wil graag vir soveel moontlik mense die geleentheid gee om eredienste by te woon.

BOODSKAPREEKS

HOOP EN HERSTEL VIR STUKKENDE MENSE

SONDAGOGGENDE 10:30 (Tweede diens) 9 Oktober tot 27 November

Almal van ons is verwond deur die lewe – deur ons eie of ander se toedoen. Ons dra hartseer, pyn, en bitterheid met ons saam. Slegte gewoontes, verslawings, aggressie en disfunksionele gedrag vererger dit. Almal van ons se lewens is in een of ander opsig stukkend.

Dit keer dat ons 'n lewe in oorvloed kan leef, soos Jesus dit bedoel het.

Ons het <u>almal</u> HOOP en HERSTEL nodig.

KLEINGROEPLEIERS

Stel u belang om opgelei te word as 'n kleingroepleier met die oog op klein-groepe in die gemeente of elders? Skakel met Freddie Schoeman (664-3751).

KANKERVERENIGING
The Touch (TLC) Project

Die volgende skrywe vanaf CANSA het Jaco van As op die e-pos ontvang en op sy ver-soek plaas ons dit. Vir enige verdere navrae in verband met die kinderkanker-projek is u welkom om in verbinding te tree met:

Vera van Dalen
Kansa Kinderkanker Projek Koördineerder
Tel (012) 654 7262
e-pos: vvdalen@mweb.co.za

<u>Hiermee rig ons graag drie versoeke vir hulp aan kinders met kanker</u>

Ons het by Kalafong hospitaal tans ‘n paar situasies wat dringend moet aandag kry. Hier is huidiglik 9 kinders wat amputasie van ‘n ledemaat ervaar het as gevolg van kanker. Daar is tans nie ‘n staatsbegroting vir prostesis nie, en vir baie kinders lei dit tot emosionele en soms liggaamlike stremming. Die pryse wissel van R6 000-00 vir ‘n ogie tot R 85 000-00 vir ‘n funksionele arm. Ons doen ‘n beroep op firmas en instansies om hul harte en beursies oop te maak vir die kinders. Enige bydrae tot die einddoel sal geweldig hoog op prys gestel word. Van die kinders se ontwikkeling is in gedrang as hul nie prostesis ontvang nie. Indien u sou oorweeg om ‘n prostese te help borg is u welkom om ons te skakel vir verdere inligting.

Ons het ook begin om die hospitaal situasie so aangenaam moontlik vir die kinders te maak, en hou elke twee maande ‘n partytjie vir diegene wat in die hospitaal verjaar. Die eenheid huisves 40 kinders waarvan baie vir ‘n tydperk van ‘n jaar gehospitaliseer word. Ons gee vir elke kind wat verjaar ‘n spesiale geskenk, maar almal deel in die pret en eetgoed. Indien u u weg kan oopsien om ‘n verjaarsdag geskenk te borg sal dit baie hoog op prys gestel word. Dit word voorgestel dat verjaarsdag geskenke nie meer as R100-00 per kind moet wees nie. Daar is per geleentheid kinders wat graag iets spesifieks wil hê. Indien u bereid is om te help met so geleentheid – laat weet groot asseblief. Ons probeer om vir elke kind iets spesiaals te gee wat in sy of haar smaak val. Enige bydraes is welkom.

‘n Verdere poging waaraan ons werk is dat ons baie graag kerspakkies wil uitdeel vir baie van die pasientjies wat uit armoedige situasies kom. Ons beplan om ten minste 100 geskenk pakkies kruideniersware met blikkieskos, sop, sout, suiker, seep, tee, koffie, lekkers, koekies edm te vul. Ons maak staat op mense wat die geleentheid wil gebruik om uit te reik, en vir erg getraumatiseerde kinders iets wil gee om na uit te sien. Persone is welkom om ons te besoek en saam uit te deel as hul wil deel in die spesiale ervaring.

Sedert Maart 2005 is ek ook betrokke by een van ons spesialiste wat ‘n kinderkanker eenheid oopgemaak het in die Dem Rep vd Kongo. Die situasie daar is haglik. Die gemiddelde inkomste per gesin is R120-00 per maand en daar is feitlik geen ondersteuning vir die oorlog geteisterde land nie. Sien iemand kans om mooi kindervriendelike gordyne vir 10 kamers te skenk? Enige donasies van produkte soos pronutro, hawermout, maltabella edm is welkom. Dit sal ook wonderlik wees as hulle oor Kersfees met lekkers en koekies bederf kan word. Dit word per koerier gevlieg teen R38-00 per kilo. Liggewig produkte is dus ideaal hiervoor. Dr. Wedi werk tans saam met ongeveer 30 verpleegpersoneel in ‘n ou huis en hoop dat ons hulle kan help met letterlik enige iets.

Ek hoop dat is groepe wat hul weg sal oopsien om ook deel van die sending projek te word.

Ek is ernstig op soek na kerkgroepe wat hul weg oopsien om hier ‘n sending geleentheid te sien om betrokke te raak. Enige hulp sal ‘n verskil maak. Ongeveer 70-80% van die mense is Christene wat smeek na uitreike. Indien selgroepe meer inligting wil hê sal ek graag kom gesels.

Enige kontant of tjek donasies kan direk in die Kansa Touch-TLC, ABSA Spaar rekening no 01 0134 70908 gedeponeer word. Die rekening word spesiaal geoormerk vir die behoefte van die kinders. Kansa is ‘n artikel 21 organisasie sonder winsbejag. Bydraes is dus terugeisbaar vanaf belasting. Enige bewys van inbetaling moet asseblief gefaks word na (012) 654 7262 ten einde dit vir ons moontlik te maak om die fondse te eis vir die kinderkanker-projek.